Nuusbrief
Laerskool Gamtoosvallei

30 Maart 2017 **4/2017**

Liewe Ouers

Aan die einde van die eerste kwartaal kan ons terugkyk op ‘n besige en suksesvolle kwartaal. Baie dankie aan ons personeel, ouers en leerders vir hul aandeel hierin.

Ons leerders het op verskeie terreine presteer. Anika Ferreira het ons skool verteenwoordig by die OP-Atletiekbyeenkoms te Cradock. Baie geluk met hierdie mooi prestasie!
Verder het Anika Ferreira, Dene-Grete van Jaarsveld en Sime Ferreira uitgeblink as ruiters. Ons gimnaste het ook die skool se naam ook hoog gehou tydens hul eerste byeenkoms.

Ons klein maatjies het Toffie-atletiek gehou en die Amazing Race was weer eens ‘n groot sukses.

Ek wil u vriendelik versoek om die boekie wat u saam met die rapport ontvang deeglik te bestudeer. Dit sal u ‘n goeie aanduiding gee van die tweede kwartaal se aktiwiteite en help met u beplanning.

Aangesien beide skoolbussies oud is en die onderhoud daarvan ‘n baie groot hap uit die skool se begroting neem, wil ons u vriendelik uitnooi na die bussievergadering op Donderdag, 20 April om 18:00 in die skoolsaal. Hier sal ons besin oor die pad vorentoe. Dit is dus baie belangrik dat die ouers van leerders wat van die busvervoer gebruik maak, hierdie vergadering bywoon.

Op die vooraand van Paasnaweek wil ek u en u gesin ‘n geseënde Paasfees toewens. Mag ons almal Jesus se kruisdood onthou, maar nog belangriker dat Hy opgestaan het uit die graf. Laerskool Gamtoosvallei se sukses is te danke aan ons diepe afhanklikheid van ons Hemelse Vader. Ons loof Hom vir al die seëninge wat ons uit Sy hand ontvang.

Geniet die ruskans saam met u kinders en reis veilig.

Christelle McCabe
SKOOLHOOF

ENGELS REDENAARSONDERWERPE

Gr. 4 en 5 : Food
Time
Gr. 6 en 7 : Silence
Goals

AFRIKAANS REDENAARS

Die volgende leerders neem op 4 Mei op Jeffreysbaai aan die Radikale redenaars deel : Juané Oosthuizen, Ané Wait, Dené-Grete Van Jaarsveld. Sterkte, ons weet julle kan.
Die volgende leerders neem ook op 4 Mei aan die ATIV-Redenaars by Hoërskool Pearson deel : Anika Ferreira, Amy Bell, Isabella Muller.

OLIMPIADES

Baie dankie vir die groot hoeveelheid leerders wat ingeskryf het hiervoor.
Amesa (gr. 4 – 7) : 4 Mei
Conquesta (gr. 1 – 7) : 14 – 16 Augustus
Leesprojek (gr. 6 & 7) : 27 Julie

LAPA –BOEKUITSTALLING – 21 APRIL

Vrydag, 21 April kom Lapa-boeke na ons skool toe. Hule hou ‘n boekuitstallilng van goeie Afrikaanse boeke. Kom besoek asb. die uitstalling. Verdere inligting volg.

PERSONEEL VERJAARSDAE

13 April : Sunelle Pretorius
1 Junie : Liesl le Roux
16 Junie : Corné Pettit
26 Junie : Christie Viljoen